

# Knapsak

In vennootskap met die FAK

## UITGAWE 43



### Uit die stoel van die President

Ek hoop dit gaan goed met al ons RRB-lede en hul families…

Ek stuur weereens die onlangse Beraad se besprekingspunte uit aangesien ek graag wil sien dat RRB-korpse en lede die besprekingspunte werklik moet uitleef op plaaslike vlak.

- Hoe ons, ons land beter kan dien
- Dinamiese werksywer om 'n verskil te maak
- Voorbeeld en inspirasie vir mede-Suid-Afrikaners as "Draers van die Boodskap"
- Selfbestuur
- Kennis van die Grondwet, doelstellings, werkswyse en aksies van die RRB
- Sigbaarheid en blootstelling

Wat ons getalle aanbetref, wil ek 'n baie ernstige beroep op elke RRB-lid doen om daadwerklik te poog om gedurende die termyn ten minste een nuwe lid te werf vir die RRB. Ondersteun en help asseblief jul provinsiale-raadslid met die stigting van nuwe RRB-korpse.
Gee name deur van kennisse in naburige dorpe.

In hierdie uitgawe:


- Boodskap van die President
- Skrywe van die Sekretaris
- Huldeblyk: Ruurd van der Wal
- Korpsaktiwiteite
- Allerlei….




### Uit die pen van die Sekretaris

"….en gee gee gee, gee gee gee, jou sente, jou drome jou klere vol gate…gee jou hart vir Hillbrow!"

Toe ek sy hand vat om totsiens te sê, lê die hartseer vlak in sy oë en skielik kom daar ook by my weemoed op…'n era is verby! Toe ek uit Bethlehem ry, knyp so 'n tikseltjie angstigheid my en ek herinner myself dat daar groot skoene is om vol te staan!

Danie en Alta Eichstadt het ons hartlik ontvang en ek en Danie het onmiddelik ingespring om die oorhandiging van die Sekretariswerk afgehandel te kry…..daar was vrek baie om in te neem en ek dog ons kom nooit uit Bethlehem nie!

***'N ABSOLUTE SPANPOGING DEUR 'N IEDER EN ELK, SAL BAIE BESLIS DIE GEWENSTE RESULTATE TOT GEVOLG Hê.***

**RRB-LANDSBERAAD 2024**

Graaff-Reinet bied die volgende RRB-landsberaad aan.
Die beplande datums is ***8, 9 en 10 Maart 2024.***
Ek gee die datum nou reeds deur sodat korpse kan beplan en fondsinsamelingsprojekte loods ten einde die Landsberaad gedurende 2024 te kan bywoon.
Kleiner korpse moet asseblief daarna streef om ten minste 'n motor met vier RRB-lede te stuur na Landsberaad-2024.
Caledon-korps het die jaar 'n pragtige voorbeeld gestel hoe bywoning oor 'n ***groot afstand*** kan en moet geskied.

**RRB REGSADVISEUR**
Met die tragiese afsterwe van Ruurd van der Wal, wat gedien het as regsadviseur vir die RRB, het die pos vakant geraak.

Die RRB-raad het dit goedgekeur en goedgevind om vir Francois (beter bekend as Borris) de Necker in die vakante pos aan te stel. Borris is 'n prokureur van beroep en lid van die Jakaranda RRB-korps.

Graag wil ons van die geleentheid gebruik maak om hom te bedank vir sy bereidwilligheid, en ook gelukwens met sy verkiesing tot regsadviseur vir die RRB.
Ons vertrou dat hy 'n baie mooi en vreugdevolle tydperk in hierdie pos sal ervaar.
Vol mooi en vreugdevolle oomblikke.

**Johan Roos**
President: Rapportryerbeweging.


**Kontakbesonderhede:**

Johann Marais

082 678 7321

rrb.admin@mweb.co.za

maraiskfc@gmail.com


Tog… hier is ons drie maande later….dit stamp, stotter en stoot nog maar ons druk hom in die rooi en probeer hard om daardie groot skoene vol te staan!

Tans is ek voltyds in die Onderwys en my vroutjie Laetitia het die korperatiewe wêreld opgegee om bietjie aandag aan haarself te gee….dit was nie lank nie of Bergsig gemeente hark haar nader as Saakgelastigde en my seuns is mal daaroor om te praat van “die Kerktannie”! My twee bulletjies is Hanro(26), In Bloemfontein, ‘n Siviele Ingeneur wat selfone smous en Devan(22) wat in Amerika, Arkansas boer!!! Ek gee jul ‘n fototjie van my gesin hieronder….

My gemaksone is vuurmaak, braai en nonsenspraat….dan het ek darem ‘n paar ander vaardighede deur die jare opgetel om my by te staan met hierdie uitdagende Sekretariaatpos….


Kantoorsake:

4. Daar is ‘n WhatsAppgroep gestig vir al die Voorsitters van korpse sodat nuus van jul aktiwiteite, voorstelle en ander op die groep deurgegee kan word, sodat jul Raadslede en Dagbestuur ook so ophoogte gehou word van wat in jul korpse aangaan. Dit sal ook dien as ‘n kommunikasieplatform vir die Raad om met korpse te gesels!
5. Ledegelde is die korps se verantwoordelikheid. Vorder dit so gou moontlik van jul lede en betaal die hoofkantoor met ‘n lys van lede se individuele bydraes asb.
6. Sodra ‘n nuwe lid ingestel word, bedank, afsterwe of ledegelduitstaande sal die korps verslae ontvang van Hoofkantoor ter opdatering van die korps se ledesake!

Groetnis en mooi bly aan alma!







# RUURD VAN DER WAL
# 'n KAMERAAD DUISEND

*Ons het onlangs afskeid van Ruurd van der Wal geneem wat op tragiese wyse van ons weggeneem is.*

'n Groot slag het ons getref, ons is in rou omdat een van die grootstes onder ons, nie meer is nie.  Charmaine, Danelle, Ruche, Chené, sy moeder Elna en sy twee sussies, Lucy en Carin: Ons dink aan julle in hierdie tye. Julle is deurentyd in ons gedagtes en gebede, en mag die liewe Vader julle in sy arms omvou, koester en vertroosting bring.

Wat van hom so 'n absolute uitsonderlike mens gemaak het, was die feit dat hy altyd dieselfde was.  Sy liefde vir sy gesin het deurentyd uitgestaan. Waar hy betrokke was, het hy alles met passie en totale toewyding gedoen. Een van sy mooiste en sterkste eienskappe wat hy werklik uitgeleef het, was ongetwyfeld sy Christenskap.

Die voorbeeld wat hy vir ons almal gestel het, in sy gesin, vriendekring, gemeenskap en die Rapportryerbeweging, sal  verseker altyd by ons bly. 'n Groter steunpilaar en anker, 'n troue man, vader, seun, broer en ware vriend, kon nie een van ons gehad het nie.

Hy sal egter voortleef in ons harte, ons kan opreg ons Hemelse Vader dank vir die eer en voorreg wat ons gehad het, om Ruurd van der Wal te ken, en ‘n pad saam met hom te kon stap.

Charmaine en kinders, sterkte en berusting vir julle, ons is lief vir julle en sal altyd daar wees vir julle.



# Korpsaktiwiteite

## Jakaranda-korps: Ons wenkorps van die termyn:







Hier is Jakaranda weereens besig om kos uit te deel aan behoeftige families in die middelfoto!....elke kind, met hul Ouboetprojek het 'n krat vol kos huis toe gevat, soos gesien in die ander twee fotos....Hieronder is die laaities erg bederf met 'n verskeidenheid van aktiwiteite....



...nog bietjie hoër Oom....








...en die gholfstokke Oom?

# Newcastle korps: Naaswenner van die laaste termyn



Die bestuur het die ou manne van die korps uitgedaag vir 'n fondsinsamelingprojek waar hulle toe by een van die PGP's 'n skaap-op-die-spit-broodrolletjies verkoop het, en het hul by die R7000 ge-in vir die oggend!





Die Winterfees was weer in volle swang na Covid en die ou manne het hul skofte in goeie gees gedoen!

Die Springbokseisoen is by die klubhuis saam met die gades ingelyf! Vure het hoog gebrand om die ysbere weg te hou!




Kimberley, Danie Theron-korps:

Marius Nagel het absoluut 'n passie vir ons geskiedenis en leef dit ook uit deur hul korps aktief te betrek by die instandhouding van monumente in die Noord-kaap! Hulle laat hul voetspoor met die inhuldiging van bordjies by die verskillende monumente! Op 12 Mei 2022 het hul die 1ste bord by die Kimberley-konsentrasiekamp ingehuldig en op 13 Augustus sal dit by die Burgermonument te Magersfontein plaasvind. Die vennote is Die Voortrekkers, Landsdiens, en Afriforum saam met die Rapportryers!






Kimberley-konsentrasiekamp Museum

Oranjekorps, Bloemfontein:

Oranje-korps het onlangs deelgeneem aan die 120-jarige herdenking van die Vredesluiting van die Anglo-Boereoorlog.

Dit was 'n luisterryke geleentheid waartydens verskeie Afrikanerkultuurorganisasies in Bloemfontein deelgeneem het.



Rustenburg, Boekenhoutkorps…een van ons meer aktiewe korpse, hul lede hier langsaan >

Hulle het groot gegaan met hul gholfdag en 'n reuse som van R217 000 ingesamel!!! WOW!!!!! Kyk net hoe lekker lyk hierdie dag…Jakarandakorps was ook teenwoordig om hulle te ondersteun…














Die Raad kuier by UDOLPHO!




…dankie tog, Boekenhout sorg vir my….

Die Bond vir SAW-veterane het 'n naweek daar gereël en

verskeie kultuurhuishoudings

genooi om hulself te kom

bemark….so is Pieter van der Merwe en

Cilliers de Kock soentoe, stalletjie

opgeslaan, vuurtjie aangesteek,

gesprekke aangeknoop…!!

Radio Overvaal het die RRB

uitgenooi en 'n onderhoud gevoer

met Pieter om meer uit te vind van

ons werkswyses…Dankie manne!









"…Welkom by Overvaalstereo Pieter vd Merwe, 'n Raadslid by die Rapportryer Beweging…vertel ons 'n bietjie meer oor die RRB…"

## Allerlei….



Ons dink aan Chris Rust, sy familie en Caledonkorps: RIV



Dankie Graaff-Reinet wat na my omsien…..





BERCHTESGADEN
GAME RANCH & LIFESTYLE FARM

PLAAS WITFONTEIN 6, R33, VAALWATER - POSBUS 141, VAALWATER, 0530
TEL nr 010 822 7999 / SEL nr 083 250 7989 / FAKS nr 0865 311 100
***SEDERT 2018 / SINCE 2018***

**04 MEI 2022**

**DIE RAPPORTREYER BEWEGING**
**NEWCASTLE**

**GEAGTE RAADSLEDE**

**SPESIALE AANBOD AAN LEDE**

As oud lid van die beweging en 'n saak wat seker in my hart saam met my sal dood, wil ek versoek met u goedkeuring, dat u die volgende lede voordeel aan die lede sal beskikbaar stel en na hulle kommunikeer:

- 20% korting op akkommodasie aan lede; gebruik hierdie skakel vir alle voordele en tariewe www.berchtesgaden.co.za/files
- 10% korting aan lede se vriende wat saam met hulle kom kuier in die Bosveld;
- Bespreek 3 nagte of meer, ongeag die groep groote en kry 1 nag gratis vir die hele groep;
- Verwys vriende na ons wat sal volg met bespreking en kry koepon ter waarde van 20% korting vir u volgende kuier by ons.

Ons kan tem 29 persone akkommodeer in kombinasie van 5x 2-slaapkamer chalets en 3x safari tente – beide ewe luuks uitgerus.

Besoek gerus ons Facebook bladsye en die webblad www.berchtesgaden.co.za en lees meer oor wat alles gebied word by *Berchtesgaden Game Ranch* maar ewenwel ook by *Berchtesgaden Lewenstyl Boerplaas.* Sien gerus ook hierdie video - https://www.youtube.com/watch?v=SOIHhmsy7jk

Ontvang u graag in die Bosveld.

**Johannes A Kleinhans**







In aanloop tot die inwyding van die Voortrekkermonument In 1949 het die gedagte ontstaan om groeteboodskappe van reg oor die land na Pretoria te stuur. Hierdie rapporte is toe deur perderuiters oor 15 roetes op 'n aflosbasis deur onderskeie kommando's van wat hulle by dorpe aangedoen het, is die knapsack met nog rapporte gevul. Benewens die boodskappe wat kultuurstrewes, godsdienstige oortuiginge, opvoedkundige ideale, volksdeugde, verhewe opvattings en nasionale beskouinge bevat het, het elke kommando 'n Bybel ook in die knapsack gesit omdat dit die eintlike rigtinggewende boodskap vir die Afrikaner was.













Habakuk 2;3

Wees geduldig met dit wat jy van die Here vra.

Hy sal op Sy tyd voorsien en Sy tyd is altyd betyds.....Amen!!!